University of Pretoria etd – Meylahn, E P  (2005)

# Hoofstuk Een
# MOTIVERING VIR DIE STUDIE



University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


# MOTIVERING VIR DIE STUDIE

## 1. INLEIDING TOT STUDIE

Aanvanklik het ek hierdie studie begin met `n heeltemal ander doel voor oë. Die boek Openbaring het my tydens my vroeëre studiejare, in my eie eerste ontdekking van die boek onder leiding van Prof Jan van der Watt, reeds gefassineer as `n boek met tydlose relevansie, wat uniek is in sy boodskap binne die breër Nuwe Testamentiese literatuur. Die boek het vir my `n bron van troos geword deur die jare. Vir my persoonlik gee dit ook perspektief op my eie bestaan in die wêreld en binne die groter eskatologiese werklikheid van ons bestaan, asook op my roeping as gelowige. Ek wou graag die 'wêreld' van Openbaring met almal deel, omdat dit soveel sin en betekenis gee aan ons ervaarde werklikheid, asook perspektief op ons vrae oor en soeke na God. Hierin is antwoorde en perspektiewe wat ons lewens kan verander, maar die feit dat die boek as vreemd beleef word en eerder vrees as troos wek by die meeste lesers, het tot gevolg dat die boek selde gelees word en gevolglik gaan `n uiters belangrike boodskap verlore vir die kerk en die individuele gelowige.

Ek het begin nadink oor moontlike maniere waarop hierdie boek weer nuut tot die gelowige kan spreek. Ek formuleer dit spesifiek so, omdat ek dink dat daar `n verskil is tussen die *uitleg* van die boek en die *spreke* van die boek. My vraag gaan oor die spreke van die boek. Daar is immers baie kommentare beskikbaar, asook Bybelstudie gidse soos byvoorbeeld die van Jan du Rand, wat die boek vir die lidmaat verstaanbaar uitlê en wat baie sinvol in kleiner groepe of deur die individu gebruik kan word. Ek is egter van mening dat heelwat van die inhoud – spesifiek wat betref die effek daarvan op die leser - verlore kan gaan sodra `n boek met dié unieke karakter van Openbaring verduidelik of uitgelê word, wat `n groot verlies tot gevolg het. Die doel van die fantastiese beelde en visioene is immers om `n bepaalde uitwerking op die leser te hê, soos wat ek in die studie sal motiveer. Wanneer dit egter bloot verklaar word is daar nie veel oor van die 'wonder'(*magic*)-karakter daarvan nie, want die 'wonder'element is juis geleë in die beelde en hul bedoelde effek. Hoewel die boek ons dus steeds kognitief kan aanspreek en motiveer, gaan heelwat van die emotiewe effek - wat ons wil beweeg tot `n nuwe lewe – verlore. Die

wêreld van die boek word nie vir ons toeganklik nie. Hierdie probleem wil ek in die volgende vraag formuleer: **Hoe kan `n boek soos Openbaring, wat baie betekenisvol en gesaghebbend was in die vroeëre Christelike gemeenskappe, in dié sin dat dit hulle lewens en hulle verstaan van hulleself gevorm het, steeds betekenisvol en gesaghebbend wees in die hedendaagse lewe as die taal, metafore en simbole totaal vreemd is vir eietydse lesers?**

In my afgelope nege jaar in gemeentebediening het ek besef dat die probleem van baie groter omvang is, omdat daar `n hele nuwe generasie in die kerk is wat 'Bybel ongeletterd' is. 'n Onlangse studie in ons gemeente het getoon dat kinders tussen die ouderdom van 12 en 18 oor feitlik geen Bybelkennis beskik nie wat ons noodsaak om op 'n vroeë stadium in die kind se kategese loopbaan `n Bybel-kursus te doen. Slegs 25% van die kinders kon iets weergee van die identiteit en lewe van Moses, Jona en Abraham. Daar bestaan verwarring ten opsigte van verhale waarvolgens Josef sy broer bedrieg het, Petrus `n profeet was en Paulus op die water geloop het. Nie een kind was in staat om die name van die 12 apostels te noem nie. Baie weet nie dat die Ons Vader-gebed in die Bybel voorkom nie en slegs enkele kon die eerste 4 boeke van die Nuwe Testament opnoem. Dat Paulus die outeur was van heelwat briewe in die Nuwe Testament, was vir hulle verrassende, maar onbelangrike inligting. Oor Openbaring weet almal iets: dat daar monsters in is en dat dit vertel hoe die wêreld gaan eindig (hulle beskrywing). Die Bybel word dus nie meer gelees nie, wat `n krisis in die kerk tot gevolg kan hê (of reeds het).

In die lig van die voorafgaande het die vraag vir my al dringender geword: hoe kan die boek Openbaring weer tot *spreke* kom in die lewe van die gelowige en die kerk? Die gedagte is gebore om `n 'nuwe' verhaal te skep, 'n parallelle verhaal, met dieselfde boodskap, maar met nuwe beelde wat die hedendaagse leser opnuut sal aangryp, omdat dit bekend is en daarom bepaalde betekeniswaarde het. Dit was tydens my worsteling hiermee dat ek die boek The Lord of the Rings (weer) begin lees het. Miskien was dit omdat ek die twee verhale gelyktydig gelees het, of miskien was dit `n 'openbaring' (ek het dit as sulks beleef), maar ek het meer en meer onder die oortuiging gekom daarvan dat `n 'nuwe' verhaal nie geskep hoef te word nie, want dit bestaan reeds! So het die gedagte ontstaan dat hierdie boek (The Lord of the Rings) as `n parallelle verhaal tot Openbaring kan funksioneer – nie as

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


plaasvervangend nie, maar as versterkend ten opsigte van die boodskap en inhoud van Openbaring.

Ek was onmiddellik gekonfronteer met talle vrae. Die eerste vraag was of so studie hoegenaamd teologies regverdigbaar is en of daar `n bestaande hermeneutiek is waarbinne ek `n ruimte kan vind daarvoor? Die vraag wat onmiddellik gevolg het, was of die twee verhale werklik in so mate ooreenstem dat dit so gebruik kan word? Is my vermoede reg dat so `n nuwe verhaal `n nuwe impak op lesers sal hê?

My vermoede, ten minste ten opsigte van The Lord of the Rings as Christelike literatuur, is vroeg bevestig deur honderde Internet-webblaaie en deur elke kommentaar, biografie en artikel wat ek oor die boek gelees het. Ek het op aanbeveling van my promotor begin lees oor die narratiewe hermeneutiek, wat vir my `n nuwe terrein was, en meer en meer onder die oortuiging gekom dat my studie hierbinne tuishoort.

## 2. ENKELE GEDAGTES OOR DIE BOEK, THE LORD OF THE RINGS

Mark Eddy Smith (2002:11), in sy studie van die boek, begin sy boek met enkele aanhalings van karakters se woorde in die verhaal, en skryf dan: "The mere collection of these phrases can move me to tears. I have been reading this tale, taking it from my shelf every year or so and returning to Middle Earth, drinking its virtues, pulling sustenance from it the way a tree draws earth with its roots. I never grow weary of it …" (Smith 2002:11). Hierdie woorde weerspieël die gevoel van letterlik miljoene aanhangers van The Lord of the Rings, soos blyk uit die webblaaie en verkoopsyfer van die boek. (Ek verwys na aanhangers en nie slegs na lesers nie, omdat min mense die boek slegs een keer lees, en nie herhaaldelik nie).

Daar word na The Lord of the Rings verwys as die grootste literêre werk van die twintigste eeu en na J R R Tolkien as die grootste outeur van die twintigste eeu.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Daar is meer as 100 miljoen kopieë van die boek verkoop en die films[1] wat gedurende 2001, 2002 en 2003 as trilogie verskyn het, het die grootste kykertal ooit. “The Lord of The Rings is now the largest selling fiction work in the history of publishing. With over 100 million copies sold in over 40 different languages, the phenomenon continues to grow in stature” (www.kultur.com/AB2046000). Nog `n webwerf verwys na die boek as “the classic epic tale considered by millions to be the greatest fantasy-adventure story ever told. The book trilogy, named the most popular book of the 20th Century, is also the motion picture event of the 21st Century” (www.unitedcutlery.com/html/rings.html). Amazon.com se ‘online retailer’ skryf in Desember 2004: “on one day more than 13 000 orders were placed for The Lord of the Rings” (www.startribune.com/stories). Shippey (2000:xx-xxi) gee die volgende statisitiek wat resultate is van meningsopnames in Engeland: In 1996 doen Waterstone’s, `n Britse boek-kettingwinkel, `n meningsopname saam met BBC, waarop 26 000 lesers reageer en in elkeen van die 105 boekwinkels is The Lord of the Rings die top keuse. Die koerant, The Daily Telegraph, besluit om die studie te herhaal met `n heeltemal ander leserskring, met dieselfde resultate. Die Folio Society bevestig dat hulle in 1996 10 000 stemme gekry het vir The Lord of the Rings. In Julie 1997 neem 50 000 lesers deel aan ’n meningsopname van die TV program Bookworms – dieselfde resultaat. 26 Januarie 1997 wen The Lord of the Rings die BBC/Waterstone meningsopname. In Australië was die boek die afgelope jaar die beste verkoper met die Bybel in die derde plek (www.webindia123.com/news/showdetails ).

Dit is dus nie sonder rede dat The Lord of the Rings gereken word as die grootste literêre werk van die twintigste eeu nie. Die rede vir die sukses van die verhaal is nie net toe te skryf aan die literêre genialiteit van die outeur of die ‘vreemdheid’ van die verhaal nie, maar veral aan die invloed wat die verhaal het op die leser. Tom Shippey skryf (2002:ix), “his continuing appeal rests not on mere charm or strangeness, but on a deeply serious response to what will be seen in the end as the major issues of his century”.

[1] Ek het my studie begin lank voordat daar sprake was van die films.

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


Dit is egter in die getuienis van lesers van die boek waarin ek die grootste bevestiging vir my studie gekry het. `n Jongman wat aan kanker ly en vir wie die boek reeds vir jare veel beteken het, put sy krag en motivering uit The Lord of the Rings. Hy identifiseer met dié karakter in die verhaal wat geroep word om `n lydenspad te loop, en saam met hom oppad, kry hy moed en krag vir sy eie lydenspad. Hy ontdek saam met hierdie karakter die sin in lyding en die onsigbare God wat met hom oppad is. So getuig heelwat mense van wat die boek vir hulle beteken, veral in `n tyd van lyding of smart.

Ek besluit om my gedagte verder te toets, deur The Lord of the Rings die tema te maak van ons tienerbediening se see-kamp. Baie kinders wat buite die kerk is, woon die kamp by, omdat die tema: *the Quest, The Lord of the Rings*, hulle aantrek, want die boek beteken vir hulle baie. Ek wil kyk of die verhaal vir hulle na die Evangelie kan wys. Die resultaat van die kamp is aan die einde van die studie as deel van my laaste hoofstuk van konklusies.

So het my reis begin ... met die diep invloed van Openbaring in my lewe, die diep en soortgelyke invloed van The Lord of the Rings, die bevestiging dat ander mense dit ook beleef, en die vermoede dat daar voldoende ooreenkomste bestaan dat die een verhaal gebruik kan word om die ander mee oop te sluit en nuut tot spreke te bring.

## 3. WERKSWYSE

Hierdie studie is `n akademiese refleksie op die ontwikkeling wat voortgevloei het uit my worsteling met die genoemde vraag: **Hoe kan `n boek soos Openbaring, wat baie betekenisvol en gesaghebbend was in die vroeëre Christelike gemeenskappe, in dié sin dat dit hulle lewens en hulle verstaan van hulleself gevorm het, steeds betekenisvol en gesaghebbend wees in die hedendaagse lewe as die taal, metafore en simbole totaal vreemd is vir eietydse lesers?** Daarom posisioneer ek myself nie reeds in hierdie eerste inleidende hoofstuk nie, want deel van die antwoord op die vraag is in die soeke na en die ontdek van `n

University of Pretoria etd – Meylahn, E P (2005)


hermeneutiese benadering waarbinne die gebruik van parallelle verhale moontlik is. Dus:

1. `n Soeke na `n hermeneutiek waarbinne my studie tuishoort, wat behels: `n hermeneutiese verantwoording, `n ondersoek na die ontwikkeling van hermeneutiek, en die voorstel van `n hermeneutiese benadering vir die studie: die narratief-kritiese benadering
2. Beskrywing van die narratief-kritiese benadering
3. Toepassing van die narratief-kritiese benadering in die verhaalanalise van Openbaring
4. Toepassing van die narratief-kritiese benadering in die verhaalanalise van The Lord of the Rings
5. Vergelykende studie van die twee verhale, gebaseer op die beginsel van analogie
6. Konklusies